higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(7601023)

29 November 2018 (Y- Vraestel)
13:00 – 15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf slegs met blou of swart ink.
5. Laat na elke vraag minstens DRIE reëls oop.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Toepassing van redenasie en logika op nuwe, onbekende idees, menings en situasies:

A Kreatiewe denke
B Dinkskrum
C Geestelike welstand
D Sedes

1.2 Organiseer 'n pretdraf:

A Bemagtiging
B Skaars vaardighede
C Geestelike welstand
D Fisiese welstand

1.3 Skikking van verskille deur middel van lang gesprekke tussen partye, bygestaan deur 'n neutrale persoon:

A Arbitrasie
B Onderhandeling
C Geslote kommunikasie
D Dispuut

1.4 Beskou mense as minderwaardig gegrond op hulle geslagtelikheid:

A Geslagsdiskriminasie
B Rassediskriminasie
C Mense diskriminasie
D Kulturele diskriminasie

1.5 Sluit werksaamhede in wat bewustheid en identiteit verbeter om talente en potensiaal te ontwikkel.

A Openbare ontwikkelingsplan
B Potensiële ontwikkelingsplan
C Persoonlike ontwikkelingsplan
D Doenlysie

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Afknouery (boelie) beïnvloed die hele organisasie.

2.2 Menseregte is regte wat inherent aan sommige mense is.

2.3 Volkslagting beteken die vernietiging of uitmoor van 'n hele groep.

2.4 Visuele leer gebruik inligting wat opgeneem is.

2.5 Alkohol kan nie as 'n dwelm vir afspraakverkragting gebruik word nie.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Het rus en slaap nodig	A	siektes
3.2	Beïnvloed 'n ander persoon se besluite	B	geestelike welstand
3.3	Bespeur virusse en parasiete	C	immuunstelsel
3.4	In-die-werk-leer	D	netwerk
3.5	Soek skakeling met relevante groepe	E	groepsdruk
		F	werknabootsing
		G	bemiddeling

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sin of sinne deur die woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

vaardigheid; verkragting; skaars vaardighede; heelbrein dominant; afspraakverkragting; onderhandeling; sydelings; ervare; sterkte; arbitrasie; bevoeg

4.1 Jy moet … wees om om iets te kan doen.

4.2 Mense met … is nie so maklik in die arbeidsmark beskikbaar nie.

4.3 Seksuele omgang sonder instemming tussen mense wat mekaar ken word ... genoem.

4.4 'n … is 'n talent of vermoë wat ontwikkel is.

4.5 'n … proses gebruik 'n neutrale eksterne struktuur om konflik op te los.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Mateo sien gereeld oral in sy tuisdorp mense wat met MIV besmet is en as gevolg van VIGS sterf. Hy mag self besmet wees. Hy weet nie want hy het nog nie 'n MIV-toets gedoen nie. Dit is in elk geval sinneloos – indien hy MIV+ gediagnoseer word sal hy nie enige antiretrovirale ontvang nie. Hy sal deur sy plaaslike gemeenskap gestigmatiseer en uitgesluit word, dit is dus waarskynlik beter dat hy nie weet nie.

[*www.guideforliving.com*]

5.1 5.1.1 Noem DRIE rolle wat ondersteuningstrukture in die lewens van mense met opportunistiese infeksies en MIV vervul. (3)

5.1.2 Noem DRIE voorbeelde waar 'n swak immuunstelsel as gevolg van MIV en VIGS deur opportunistiese infeksies uitgebuit word. (3)

5.1.3 Identifiseer VIER situasies wat swak geestelike welstand aanhelp. (4)

5.2 5.2.1 Noem VIER strukture of mense wat daar is om slagoffers van geslagsdiskriminasie te help en ondersteun. (4)

5.2.2 Stel VIER wyses voor hoe Mateo inligting wat hy geleer het kan onthou. (4)

5.2.3 Noem TWEE aspekte wat deel van 'n persoonlike ontwikkelings-plan kan vorm. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Verduidelik wat fisiese welstand vir jou beteken. (2)

6.2 Produktiwiteit is die gevolg van harde werk en fisiese welstand.

Bespreek DRIE voordele van fisiese welstand met betrekking tot produktiwiteit. (3)

6.3 Groepsdruk en die behoefte om as alwetend en 'kief' ('cool') voor te kom lei dikwels daartoe dat jeugdiges hulle in situasies bevind wat hulle nie kan hanteer nie. 'n Voorbeeld hiervan kan afspraakverkragting wees, wat tot MIV/VIGS-besmetting kan lei.

6.3.1 Verduidelik hoe groepsdruk afspraakverkragting kan aanmoedig? Gee TWEE redes om jou antwoord te steun. (4)

6.3.2 Noem die uitwerking wat afspraakverkragtingdwelms op jou liggaam mag hê? (2)

6.4 6.4.1 Verduidelik TWEE negatiewe gevolge van opportunistiese infeksies op die immuunstelsel. (2)

6.4.2 Gee TWEE simptome van TB. (2)

6.5 Stel TWEE reëls voor wat gevolg moet word om veiligheid te verseker wanneer in riviere of damme geswem word. (2)

6.6 6.6.1 Noem TWEE wyses hoe visuele leer gebruik word om inligting te onthou. (4)

6.6.2 Noem VIER wyses waarop 'n aksieplan jou punte kan verbeter. (4)
[25]

VRAAG 7

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Thabo is a TBOO-kollege gegradueerde wat nog nie besluit het of hy verder wil studeer of die korporatiewe wêreld wil betree nie. Hy vra homself die volgende af: Is ons altyd die persoon wat ons wil wees? Ons maak veranderinge deur inspanning. Persoonlike transformasie kan plaasvind wanneer die persoon wat jy is nog nie die persoon is wat jy hoop om te wees nie. Die belangrikste vraag is nie, 'Wie is jy vandag' nie, maar 'Wie sal jy môre wees?'

7.1 7.1.1 Thabo oorweeg om as vrywilliger te werk.

Moedig hom aan deur EEN voordeel te noem deur vrywillige diens te doen. (1)

7.1.2 Terwyl Thabo met vrywillige diens besig is doen hy werknabootsing oor wat hy by die kollege geleer het.

Noem TWEE wyses van werknabootsing wat deur pas gekwalifiseerde gegradueerders toegepas kan word. (2)

7.2 7.2.1 Thabo glo dat sy studieveld nie vir vroue geskik is nie.

Stel 'n persoonlike etiese kode saam, bestaande uit DRIE items, wat Thabo moet volg wanneer hy met geslagsdiskriminasie te make het. (3)

7.2.2 Gee TWEE voorbeelde van moreel onaanvaarbare gedrag in die werkplek. (2)

7.3 Noem VIER voordele van produktiewe gedrag in die werkplek. (4)

7.4 Thabo sal by die werk konflik moet hanteer.

Verduidelik DRIE wyses waarop konflik in die werkplek opgelos kan word. (3)

7.5 Thabo gaan in 'n multikulturele omgewing werk.

Gee DRIE voorbeelde waarop diversiteit in die werkplek gerespekteer moet word. (3)

Kopiereg voorbehou

7.6 7.6.1 Gee TWEE redes hoekom mensehandel en kindermishandeling moreel onaanvaarbaar is. (2)

7.6.2 Verduidelik DRIE wyses hoe mensehandel wat 'n algemene misdaad in ons samelewing geword het, stopgesit kan word. (3)

7.6.3 Jy is die leier van 'n veldtog teen mensehandel.

Noem TWEE voordele van deelname aan 'n nasionale veldtog. (2)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 8

8.1 Identifiseer VIER maniere waarop 'n student sy prestasie kan verbeter. (4)

8.2 Jou span is gevra om TB bewustheid te skep.

Ontwerp 'n plakkaat wat bewustheid skep om TB in ons maatskappy te verhoed.

Die plakkaat moet:

8.2.1 'n Opskrif vir die veldtog gee (2)

8.2.2 VIER maniere waarop TB verhoed kan word (4)

8.3 Jong volwassenes kry met druk van vriende, maats ('partners'), familie en die plaaslike gemeenskap te kampe.

Verduidelik kortliks waarop die vaardighede hier onder groepsdruk kan verhoed: .

8.3.1 Weieringsvaardighede ('Refusal skills') (2)

8.3.2 Selfversekerdheidsvaardighede ('Assertive skills') (2)
[14]

VRAAG 9

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Soms kan die werkplek baie soos 'n hoërskool voel, gevul met geskinder en aggressiewe gedrag. Afknouery en seksuele teistering is deesdae 'n saak waaroor almal praat, en ongelukkig word volwassenes nie gevrywaar nie. Produktiwiteitskoste het vanweë onproduktiewe gedrag toegeneem.

9.1 Skryf 'n paragraaf bestaande uit VIER feite wat verband hou met gedrag wat produktiwiteit in 'n organisasie verbeter. (4)

9.2 Verduidelik die belangrikheid om afknouery in die werkplek aan te meld. (4)

9.3 Seksuele teistering is onwettig.

Skep TWEE slagspreuke wat seksuele teistering by die werkplek veroordeel. (2)

9.4 Verduidelik kortliks, aan die hand van TWEE feite, hoe xenofobie tot die skending van menseregte lei. (2)

9.5 Gee TWEE maniere waarop burgers die regering kan help om korrupte gedrag in die samelewing te verminder. (4)

[16]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou